



**NASIONALE
SENIORSERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2023

RELIGIESTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.
3. Lees AL die vrae noukeurig deur.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Die lengte van jou antwoord moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.
6. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Ortodokse Jode gehoorsaam godsdienstige wette wat ... genoem word.

- A Sjaria
 - B Mitzvot
 - C Genesis
 - D Halakhah
- (1)

1.1.2 Die Tao kan as die ... beskryf word.

- A pad van die heelal
 - B Aarde
 - C Hiernamaals
 - D siklus van die lewe
- (1)

1.1.3 Die hoogste kaste/stand in tradisionele Hindoeïsme is die ...

- A Upanishads of skrifgeleerdes.
 - B Sudra of arbeiders.
 - C Ksatriyas of regeerders en krygers.
 - D Brahamas of geestelike leermeesters.
- (1)

1.1.4 Die stigter van Boeddhisme was ...

- A Siddharta Gautama.
 - B Baha'u'llah.
 - C Vajrayana.
 - D die Dalai Lama.
- (1)

1.1.5 Die Bahá'i-geloof het in ... ontstaan.

- A Irak
 - B Iran
 - C China/Sjina
 - D Saoedi-Arabië
- (1)

- 1.1.6 Toe profeet Mohammad gesterf het, is hy deur ... opgevolg.
- A Isak
 - B Abu Bakr
 - C Jesus
 - D Ali
- (1)
- 1.1.7 'n Voorbeeld van Neo- (modern) Hindoeïsme is ...
- A Rig Veda.
 - B die Goddelike Lewegemeenskap ('Divine Life Society').
 - C die Bhagavad Gita.
 - D Bhakti-joga.
- (1)
- 1.1.8 Die Hadith is
- A 'n versameling van leringe van die profeet Mohammed.
 - B verpligte leringe in die Koran.
 - C boeke met mites.
 - D rekords van Islamitiese geskiedenis.
- (1)
- 1.1.9 Die oudste vorm van Boeddhisme is ...
- A Zen-Boeddhisme.
 - B Tibettaanse-Boeddhisme.
 - C Mahayana-Boeddhisme.
 - D Theravada-Boeddhisme.
- (1)
- 1.1.10 Dogma, in 'n godsdienstige konteks, is ...
- A 'n leuen of versinsel.
 - B leringe met absolute gesag.
 - C 'n heilige teks.
 - D 'n bespreking van geestelike waarhede deur 'n storie.
- (1)

[10]

- 1.2 Definieer kortliks die volgende konsepte in die konteks van godsdiens.
- 1.2.1 Eendersheid (2)
 - 1.2.2 Verskil (2)
 - 1.2.3 Eenheid (2)
 - 1.2.4 Uniekheid (2)
 - 1.2.5 Identiteit (2)
- 1.3 Uit ELK van die onderstaande groepe, kies die woord wat NIE pas NIE. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Martin Luther; Isaiah Shembe; Abraham; William Shakespeare (1)
 - 1.3.2 Mekka; Jerusalem; New York; Moria (1)
 - 1.3.3 Kitab-i-Aqdas; Baha'u'llah, Bahá'í, Rome (1)
 - 1.3.4 Nuwe Testament; Ou Testament; Vedas, Die Vryheidsmanifes (1)
 - 1.3.5 ZCC; Nazareth Baptiste kerk, (Ibandla lamaNazaretha); Internasionale Pinkster Christen kerk; Metodiste kerk (1)
- 1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.4.1 'n ... is 'n stam- of familielid wat oorlede is en wat volgens geloof nou 'n familiebeskermer is. (1)
 - 1.4.2 Die politieke gesag van die Rooms-Katolieke Kerk is in ... (1)
 - 1.4.3 Die verskille tussen die twee hoofgroepe binne Islam is hoofsaaklik op meningsverskille oor ... gebaseer. (1)
 - 1.4.4 ... is die oudste Oosterse godsdiens wat nie 'n stigter het nie en geen verenigende geloof in lering het nie. (1)
 - 1.4.5 Volgens Taoïste bestaan alles in die skepping uit twee kragte wat jin en ... genoem word. (1)

- 1.5 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.2) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.7 H. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Stellings of stel godsdienstige oortuigings	A	Mantra
1.5.2	Leef vir altyd, ewig, onverganklik	B	Taoïsme
1.5.3	'n Vers, sillabe of frase wat vermoedelik van goddelike oorsprong is en wat in rituele gebruik word	C	Pluralisme
1.5.4	Die daad om die verstand/bewussyn as 'n geestelike oefening te beheer en kalmeer en rustig te maak	D	Onsterflik
1.5.5	Alle godsdienste is paaie na die waarheid; hulle is ewe waar	E	Hindoeïsme
		F	Geloofsbelydenis
		G	Meditasie

(5 x 1) (5)

- 1.6 Verduidelik die verskil tussen die konsepte *lering* en *oortuiging/geloof*. (4)
- 1.7 Dui aan of elk van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.7.1 tot 1.7.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.7.1 Bukari is 'n versameling Marxistiese-leringe. (1)
- 1.7.2 Die Opperwese in Afrika Tradisionele Godsdienste word Ilimo genoem. (1)
- 1.7.3 Boeddhisme het geen begrip van 'n Opperwese nie. (1)
- 1.7.4 Voorvaders word in Taoïsme vereer. (1)
- 1.7.5 Baha'u'llah het Ali as sy opvolger aangestel. (1)
- 1.8 Waaroor word Christendom, Judaïsme en Islam monoteïstiese godsdienste genoem? (2)
- 1.9 Verduidelik kortliks die konsep *voorvaderlike aanbidding* soos dit van toepassing op tradisionele Afrika-godsdienste is. (4)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Godsdienstige identiteit behels selfidentifikasie en selfverklaring deur diegene wat in die leerstellings van 'n spesifieke godsdiens glo, en dit navolg.

In die konteks van godsdiens, verduidelik elk van die volgende konsepte.

- 2.1.1 Lering/Leerbeginsel (4)
 - 2.1.2 Mite (4)
 - 2.1.3 Doktrine (4)
 - 2.1.4 Gelykenis (4)
 - 2.1.5 Geloof (4)
- 2.2 Verduidelik die filosofie van *ubuntu*. (4)
- 2.3 Beskryf TWEE faktore wat die identiteit van mense vorm. (4)
- 2.4 Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

Omdat Hindoes aan reïnkarnasie glo, is die fisiese liggaam nie so belangrik soos die siel nie. Liggame word gewoonlik veras en die as gestrooi.

- Bespreek kortliks die leerstelling van reïnkarnasie. (8)
- 2.5 Verduidelik die woord *kanon*. (2)
- 2.6 Noem TWEE feite oor elk van die volgende godsdienste met betrekking tot:
- 2.6.1 Hoe die Bahá'i-godsdiens die toekoms van godsdienste beskou (4)
 - 2.6.2 Hindoeïsme se sosiale struktuur (4)
 - 2.6.3 Tradisionele genesers in Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

[50]

VRAAG 3

- 3.1 Noem enige VIER bydraes deur die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede, wat intergodsdienstige harmonie bevorder. (8)
- 3.2 Met betrekking tot die godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek godsdienstige leringe wat goeie moraliteit bevorder. (10)
- 3.3 Analiseer krities die rol wat godsdienste gespeel het in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika. (12)
- 3.4 Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

MENSEREGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die konsep van menseregte bestaan alreeds vir eeue lank. Die behoefte om 'n internasionale ooreenkoms oor menseregte in te stel, het teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog dringend geword.

[Bron: *Fokus op Religiestudies, Graad 12*, bl. 21]

- 3.4.1 Wat impliseer die konsep *godsdienstvryheid*? (4)
- 3.4.2 Verduidelik wat onder *menseregte* verstaan word. (4)
- 3.4.3 Verduidelik hoe verskillende godsdienste prakties by die bevordering van godsdienstvryheid, menseregte en verantwoordelikhede betrokke is. (12)

[50]

VRAAG 4

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

ONS MOET VERDRAAGSAAMHEID ONDERRIG

As 'n Afrikaan, bekommer dit my dat dit blyk onse kontinent die nuwe slagveld van interne terrorisme geword het.

Nigerië het 'n aantal aanvalle deur Boko Haram gebad. Terreurgroepe in lande soos Mali het toeneem, en die verspreiding van Al-Shabaab vanaf Somalië tot Kenia wys dat terrorisme 'n dreigende stabiliteit in Afrika verkry het.

Ek is bly dat ek aan 'n intergeloof-raad behoort, wat opgemaak is uit verskillende geloofsgroepe wat vir die gemeenskaplike doel vir ons land saam werk.

[Aangepas en vertaal uit *The Star*, Dinsdag 1 Oktober 2012]

- 4.1 Wat verstaan jy onder *terrorisme*? (4)
- 4.2 Waarom dink jy godsdienstige terrorisme aan die toeneem in Afrika is? (10)
- 4.3 Noem enige land in die wêreld waar daar dreigende gewapende godsdienstige konflik is. Bespreek die volgende:
- 4.3.1 Wat is die redes vir die konflik? (12)
- 4.3.2 Tot watter mate is godsdiens deel van die probleem? (12)
- 4.3.3 Wat kan godsdienstige organisasies doen om politieke vrede te laat gebeur? (12)
- [50]**

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

GODSDIENS IN DIE MEDIA

Moderne media dra inligting oor gebeurtenisse wat wêreldwyd plaasvind, soos wat dit gebeur oor. Mense kyk na hierdie inligting en vorm menings oor wat besig is om te gebeur. Die menings wat hulle vorm, kan dan hulle reaksies en optrede beïnvloed.

Die volgende is enkele godsdienstige stereotipes* wat deur die media geskep is:

- Jode is gierigaards
- Katolieke priesters is kindermolesteerders
- Moslems is terroriste
- Boeddhiste is vredeliewende monnike

*stereotipes: ooreenvoudige mening; 'n partydige gesindheid/houding

[Aangepas uit *Top Class Religion Studies*]

- 5.1 Kies enige TWEE van die stereotipes hierbo en verduidelik waarom dit NIE waar is NIE. (4)
- 5.2 5.2.1 Ontleed hoe die media gewoonlik oor godsdienstige kwessies berig. (6)
- 5.2.2 Gee TWEE voorbeelde om jou antwoord in VRAAG 5.2.1 te illustreer. (4)
- 5.3 Ondersoek faktore wat die media kan beïnvloed wanneer hulle oor godsdienstige kwessies berig. (10)
- 5.4 Wat is die moontlike effekte van stereotipering op verskillende godsdienste? (8)
- 5.5 Wat kan die media doen om die stereotipering van godsdienste te neutraliseer? (10)
- 5.6 As 'n jongmens, hoe sou jy godsdienstige gemeenskappe raad gee oor die gebruik van elektroniese media, soos die internet, televisie en sosiale netwerke, om te verseker dat hulle boodskappe korrek verstaan word. (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150